Die TBK se Nuusbrief

NO 2/2011

TBK Webblad: www.boeremusiek.org TBK E-posadres: info@boeremusiek.org
E-posadres vir korrespondensie: susane@arc.agric.za

Sias Erasmus is die man wat gekontak kan word as u sou belangstel om Tradisionele Boeremusiek te bekom … Tel. 012 379 1745 of 083 948 2987 … Bezuidenhoutstraat 467, Claremont, 0082. Sy e-pos adres is dualcon@vodamail.co.za. Bankbesonderhede: TBK, Absa, Ben Swartstraat, Rekening nommer 090281062.

Hier volg die onderskeie kontakbesonderhede van die tak voorsitters:
Pretoria: Wynand Smith; 084 761 1515
Bloemfontein: Jimmy McDonald; 051 522 4062
Wesrand: Flip Snyman; 011 955 3615
Vaaldriehoek: Willie Badenhorst; 016 932 1897
Goudveld: Hennie Ferreira; 057 217 3124
Oosrand: Martin Dorfling; 082 542 1908

Na aanleiding van ons skrywe oor Dr. Hans la Grange, het ek ‘n oproep ontvang van Mnr. Flip Lategan van Potchefstroom … met betrekking tot die musikante wat Dr. Hans begelei het met opnames … onder andere was die kitaarspelers Johannes la Grange, Fanie Viljoen, Dries Lombard, Johan Snyman, en was oom Herman Joubert ook per geleentheid ‘n kitaarspeler tydens van die opnames …

Gedurende die tyd wat ek en skoonpa se dogter die voorreg gehad het, om deel te kon gewees het van die draers van die groen baadjies, het baie insidente loop lêplek skrôp in ons menswees … met oordadige plesier kon ons Anna se Man in algehele oorgawe ervaar, veral as twee drywers die sweep klap … of die Kraanvoël, wat ‘n mens in grasie laat wegsweef oor die plankvloer wat allekante toe afdraand loop … terwyl die klavier gedissiplineerd, die inkleurwerk doen … of soos die oom, wat nadat hy homself bietjie oorbedien het, haastig op pad was soontoe … skielik verminder sy haastigheid … steek vas … en met ‘n selfvoldane glimlag, trap hy oor die skaduwee van ‘n paal op die vloer wat sekerlik vir hom soos ‘n struikel voorwerp gelyk het … op ‘n ander keer, het ‘n paartjie, redelik gevorderd in die jare, wat gereeld ons byeenkomste bygewoon het en altyd maar ‘n neiging getoon het om vrolik te word, dié besonderse aand, aansienlik vêr verby hulle se “happy level” gekuier het … met huistoegaantyd, erg gesukkel het om die trappe buite die saal uit te kom … opsluit ook probeer het om soos vroeër jare se motorkarre, agteruit te probeer … die tante, wat duidelik min weerstand

kon bied teen die slingersous, het ‘n slag vierwieldryf probeer … ook al ‘n keer of wat, weer van onder af beginne het … was weer so halfpad die trappe uit, toe die oom sien dit lyk weer na terugkomsake, skree hy vir haar: “Gryp die reling vas dan stoot ek jou boontoe!” … en met dié gryp die oom die tante se agterstewe en druk twee groot duike in tot bo … toe hulle bo kom, draai die oom om en met dieselfde soort van glimlag, soos die oom wat oor die skaduwee getrap het, reken die oom … “maar die trappe het ons opdraand gegee …!” en in my geestesoog sien ek “James” van “Dinner for one” … se gesigsuitdrukking teen laterig die aand … in sy omswerwinge om die tafel … Langenhoven het gevra wie sou gedrink het as die hoofpyn in die prop van die bottel gesit het en nie in die boom nie! … nou los ek maar elke keer een sopie in die bottel … na 18 bottels maak ek die bottel vol en begin van vooraf en herhaal die proses … siedaar! Geen hoofpyn meer.

Kennisgewing geskied hiermee van die AJV van die TBK om 15:00 (3nm) op die 1ste Oktober 2011 in die Skoolsaal van die Hoërskool F.H. Odendaal, Baviaanspoortweg, Eastlynne, Pretoria … baie dankie vir u samewerking.

U WORD OOK DAARAAN HERINNER … om ‘n stem uit te bring.

ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV) VAN DIE TBK VAN SA

a) Opening en Verwelkoming
b) Notules van die vorige AJV
c) Finansiële verslag
d) Jaarverslae deur die Takvoorsitters
e) Jaarverslag van die Voorsitter van die TBK
f) Verkiesing van die Voorsitter en hoofkomiteelede
g) Algemeen
h) Afsluiting

NOTULES VAN DIE AJV VAN DIE TBK GEHOU OP 2 OKTOBER 2010 TE PRETORIA

1) **Opening en verwelkoming:** Die voorsitter, F Snyman, open die vergadering om 15h00. Skriflesing en gebed deur J Vlok.
2) **Presensie:** Lede aanwesig vorm ‘n kworum.

3) **Vorige notule:** Word voorgelees deur die sekretaris en is ook beskikbaar by die deur. 'n Mosie van aanvaarding van T. Adams en S. Erasmus sekondeer.
4) **Finansies:** Penningmeester J Vlok lewer die finansiële verslag. Mosie van aanvaarding van H. Smalberger. Sekondant – D. Smit. Goedkeuring om huidige ouditeure te behou en te betaal word verkry.
5) **Takverslae:** Vaaldriehoek – P. v Staden, Oos Rand – M. Dorfling, Pta – W. Smit, Wesrand – D. Pretorius, Bloemfontein – S. v. Zyl namens J. Macdonald en Goudveld – S. v. Zyl namens H. Ferreira.
6) **Voorsittersverslag:** Word gelewer deur F. Snyman.
7) **Verkiesing van voorsitter:** F. Snyman word eenparig herverkies.
8) **Verkiesing van komitee:** Die nuwe komitee sien as volg uit: Ondervoorsitter – W. Smit, Penningmeester – J. Vlok, Sekretaris – S. v. Zyl, addisionele lede – S. Erasmus, M. Dorfling, R. Viljoen en C. Nel. Mosie van dank van H. Smalberger aan vorige komitee.
9) **Afsluiting:** Voorsitter sluit vergadering af om 18h03

Geteken op _____ te _____

Voorsitter: _____

Sekretaris: _____

Baie dankie aan almal wat bygedra het om die nuusbrief moontlik te maak … Geseënde Kersfees en mag die Nuwe Jaar vol wees van goeie gesondheid … *(Dankie aan Meisiekind vir die hulp en rekenaarwerk)*

Uit die Oosrand het ons skrywe ontvang van Martin Dorfling … Voorsitter aldaar:

Dagsê aan al my boeremusiek makkers. Wees gegroet uit 'n koel Johannesburg. Gedoriewaar, die jaar het alweer weggevlieg en hier is ons nou by ons tweede nuusbrief. As ons, ons oë weer uitvee is die Kersgety ophande.
Die Oosrand-tak is tans sterk besig om te groei, dit kan slegs toegeskryf word aan ons sterk ondersteunings-basis. Ons het sover die jaar uitmuntende, goeie byeenkomste gehad en was na elke byeenkoms vêr in die groen. Daar is 'n paar persone wat ek graag wil bedank: Eerstens aan my komitee lede, julle is voorwaarlik die krag wat my

aanspoor en my met soveel deurnis help met als. Ek weet dat ek net moet roep dan is julle daar. Tweedens aan Flip en Dalene Snyman, baie dankie dat julle so uithelp met die klanksisteem. Sonder die hulp van dié persone, sou my taak baie moeilik wees.

Die Oosrand-tak byeenkomste word gehou in die Eeufees-saal op die h/v Trichardt en 4de weg, Boksburg-Noord. Ons volgende byeenkomste vir die res van 2011 is as volg: 27 Augustus en 26 November.

Ek wil net ook eer en lof aan my Skepper betoon. Vir die wat nie weet nie, ek het in April maand 'n ligte beroerte aanval gehad. Gelukkig het ek geen na-simptome oorgehou nie. Alle eer aan ons wonderlike Skepper.

Groete

Martin Dorfling.



Louisa Henning as hulp by die opmaak van die saal

Tannie Louisa is Martin se ouma en wyle oom Jimmy Henning was sy oupa.

Op die 12de Maart 2011, was die TBK 30 jaar oud ... dankie aan almal wat gehelp het dat ons TBK hierdie mylpaal bereik ... (Red.)

Baie geluk aan die Mooiplaas Orkes met hulle SAMA toekenning !!

Hiermee die lys van TBK lede wat hierdie jaar kwalifiseer vir die 15 jaar sertifikaat…..

Mnr A.J. van Zyl	Mnr D. du P. Rautenbach	Mnr P.R. Lategan
Posbus 2256	Posbus 10018	Posbus 5068
UPINGTON 8800	STAAL 1906	KOCKSPARK 2523
Mnr B.J. Ludeke	Mnr H.J. Slippers	Mnr A.G. du Toit
Posbus 48357	Faraday Boulevard 204	Sterlig Aftree-oord 24
HERCULES 0030	VANDERBIJL 1911	Privaatsak X03 WESTGATE
Mnr T.C. de Beer	Mnr C.C. van Wyk	Mnr H.C. Bezuidenhout
Posbus 576	Austen Robertstraat 18	Ulundilaan 470
BELFAST 1100	VAN DER BYLPARK 1911	MOUNTAIN VIEW 0082
Mev J.E. Barnard	Mnr D.S. Visser	Mnr J.A. Venter
Posbus 14461	Offenbachstraat 33	Kiepersol Ws 5Kraalkopst
SINOVILLE 0129	VAN DER BYLPARK 1911	FOCHVILLE 2515
Mnr W.J. Mienie	Mnr D. Barnard	Mnr L.J. Botha

Posbus 932	Posbus 713	Posbus 34018
SASOLBURG 9570	MULDERSDRIFT 1747	FAUNASIG 9325

Mnr L.A. Mitchell
Posbus 1230
FOCHVILLE 2515

Skrywe ontvang van Flip Snyman:

Eerstens wil ek vir pa en dogter gelukwens en baie dankie sê vir 'n goeie nuusbrief.
Ek stuur so bietjie nuus van wyle oom Steve Coetzer. (Inligting verskaf deur oom Hennie Bezuidenhout.)
Steve Coetzer was gebore op die 8ste Augustus 1916 in die distrik Cradock. Daar skool gegaan en later by die spoorweë as kondukteur gewerk. Hy moes seker later van tyd oorgeplaas het na Capital Park in Pretoria.
Ek (Flip Snyman) het as jong stoker oom Steve rondom 1970 in Capital Park as kondukteur leer ken, maar in 1975 het ek na die Rand verhuis en ons het kontak verloor. So 'n paar jaar gelede het ons weer ontmoet toe hy dikwels saam met wyle oom Cas Bodenstein die Pretoria byeenkomste bygewoon het.

Laas jaar met die AJV wou ons aan oom Steve Coetzer en oom Hentie Smit elk 'n spesiale sertifikaat oorhandig.
Hulle was op daardie stadium albei 94 jaar jonk en dis nie aldag dat twee 94 jariges gereeld saam ons byeenkomste bywoon nie.
Oom Steve was die dag olik en kon nie die byeenkoms bywoon nie. Oom Hentie Smit het sy sertifikaat ontvang (foto in vorige nuusbrief). Hennie Bezuidenhout en Corné Bodenstein, wyle oom Cas Bodenstein se dogter, het egter die sertifikaat aan oom Steve oorhandig by sy woning. Oom Steve se gesondheid was nie meer wat dit was en hy is op die 11 de April 2011 oorlede. *Hierbo is 'n foto van oom Steve en 'n pragtige dame met 'n rooirok waar hy op die 6de Feb 2010 tydens 'n Pretoria tak TBK byeenkoms nog 'n danspassie uitgevoer het op die dansbaan.- Flip Snyman*

- WAT OORWIN DIE MEESTE PROBLEME? GEDULD EN MOED. (EMERSON) -

Die oudste skrywe deur die TBK aan lede in die vorm van ‘n brief, onder die opskrif Konsertinaklub van SA ...? 17 Mei 1982 was gedoen deur Jasper Vlok vanuit Pretoria, om ‘n byeenkoms aan te kondig, en het ook gedien as ‘n uitnodiging ... dit het gebeur by die Saamstaan Vakansieoord Skeerpoort ... daarna op 10 November 1982, het Nuusbrief No. 1 van die Konsertinaklub van SA verskyn ... die eerste gedeelte onderteken deur Tom Senekal (Voorsitter) en die tweede gedeelte deur Jasper Vlok (Sekretaris). Vervolgens het ‘n Spesiale Nuusbrief van die TBK van SA, NR. 1/89, saamgestel en uitgegee deur die komitee, met Dr. E.A. Retief as Redakteur verskyn in Augustus 1989. Die brief het 23 bladsye beslaan in die vorm van die latere Opskommel. Nuusbrief 2/89 ... Nov 1989, van die TBK, was onderteken deur oom Dr. Ed Retief as voorsitter.
Die Opskommel, Amptelike Nuusblad van die TBK van SA, met Dr. Ed as Redakteur, het verskyn 1/90. Die laaste Opskommel wat ek het is Nr. 1/93 (September 1993).
Die TBK, vanuit Arcadia op die 15de Januarie 1994, het ‘n volgende Nuusbrief, NR. 1/94, uitgestuur deur Tom Adams ... voorsitter van die Pretoria tak. Die laaste nuusbrief wat ek het wat deur Tom saamgestel is, lees 2/2006.

JOHANNES 17:23 - “EK IN HULLE EN U IN MY, SODAT HULLE VOLKOME EEN KAN WEES, SODAT DIE WÊRELD KAN WEET DAT U MY GESTUUR HET EN HULLE LIEFHET NET SOOS U MY LIEFHET” ...

... en dink ons dan ook aan ons vriende wat nie lekker voel nie ... miskien is u in die hospitaal, of in ‘n versorgingsoord of sterk u by die huis aan ... perdalks wag u op die uitslag van toetse ... beterskap en spoedige herstel word u toegewens ... almiskie is die plek van ‘n geliefde leeg ... in besonder dink ons aan Theo Slabbert met die afsterwe van sy vrou Riekie ... sterkte aan u en mag die mooi herinneringe die seer makliker maak. *(Foto regs ingestuur deur mnr. F.C Smit)*



Vir die son is daar in die hemel
‘n tent opgeslaan.
As hy stralend begin
Om sy baan te volg,
Is hy soos ‘n bruidegom
Wat uit sy slaapkamer kom.
Aan die een kant van die hemel kom hy op,

En aan die ander kant gaan hy onder,
En niks ontkom aan sy gloed nie ...
Psalm 19:5 – 7

Foto links: Riekie en Theo Slabbert begelei deur Frans Smith tydens 'n Tradisionele Boeremusiekdag op Vanderbijlpark *(uit my foto-album – Red.)*

The Anglo-German Concertina – A Social History Volume I & II, deur Dan M Worral:

Bogenoemde publikasies het einde 2010 onder ons aandag gekom danksy S. Minnie, tans woonagtig in Amerika. Dit gaan spesifiek om die 2-ry sogenaamde Boere-konsertina, oorspronklik 'n Duitse produk. Dit is later in Engeland vergroot na die 3, 3½, en die 3¾ -ry modelle en het as die "Anglo-German Concertina" bekend geraak, later afgekort tot bloot "Anglo Concertina", waarby die oorspronklike 2-ry sommer ingevoeg was. Die boeke sluit spesifiek die Engelse- en Duet modelle uit.

Hierdie is 'n lywige stuk navorsing van altesaam 604 bladsye met baie foto's en bevat seker die mees volledige inligting tot op hede. Die skrywer het die konsertina se spoor gevat vanaf sy ontstaan, dwarsoor die wêreld, tot by oom Daantjie, waar hy vandag steeds besig is om konsertinas te bou, al is dit nou nie in die kalwerhok nie! Wat die boeke dubbeld die moeite werd maak, is al die staaltjies en beskrywings van die sosiale lewens van gewone mense van 'n vergange era in lande soos Europa, Engeland, Amerika, Australië, (daar is 'n hele hoofstuk net oor Suid-Afrika), en tot sover noord as die Arktiese Sirkel. Verrassend is die foto's van Eskimo's met die Boerekonsertina. Mens kan maklik uit hierdie geskiedenis aflei dat die 2-ry Boere-konsertina moontlik die volopste en gewildste musiekinstrument was onder nie-professionele musikante van alle tye dwarsoor die wêreld – selfs in Engeland waar hulle getallewys die Engelse- en Duet modelle by verre oortref het.

Die boeke is in hulle 3de druk – en dit nog voordat Suid-Afrika van hulle bewus was! Dit word gepubliseer deur Concertina Press, Fulshear, Texas USA; www.angloconcertina.org en ek beveel hulle ten sterkste aan. – Stephaan van Zyl.

Ons het skrywe ontvang van Willie Badenhorst van die Vaaldriehoek Tak:

Baie dankie dat ek so ietsie mag vertel van die Vaaldriehoektak van die TBK 2011. Eerste wil ek die vorige komitee bedank vir al hulle harde werk deur die jare. Dit word opreg waardeer.

Ja, met baie huiwer in my hart het ek besluit om die tak voort te laat gaan in die Vaaldriehoek. Eerste het ek aangeklop by my Skepper om my te help. Ek het die tak heeltemal aan Hom opgedra. Ek het ook onderneem om die tak op ‘n Christelike manier te laat voortgaan. ‘n Mens kan jou heeltemal uitleef en geniet sonder om jou Christelike beginsels opsy te stoot.

Toe kom die motivering van die Hoofbestuur se kant af. Wel, met almal se ondersteuning en moed inpraat het ons ‘n loodskomitee gekies. Sonja Swanepoel het ingestem tot onder-voorsitter. Baie dankie vir jou mooi gebaar en ondersteuning. Ronel Badenhorst in verkies as sekretaresse en Annetjie Jacobs as penningmeesteres. Baie dankie vir julle harde werk voor by die ingang van die saal. Johann Botha, Marius van Zyl, Gert Fourie en Willem Badenhorst is verkies as addisionele lede. Ja, en moenie almal se vroue weglaat nie, hulle is die planmakers en harde werkers om die saal reg te kry. Baie dankie vir die harde werk en dat julle jul mans so mooi bystaan.

Nou al die Vaaldriehoek se musikante: Ai, elke keer as ek iets vra, het ek geen teenkanting van hulle ontvang nie. Saam kan ons almal trots wees om deel te wees van die Vaaldriehoek Tak. Baie dankie vir julle oop harte om my elke keer te help om mooi musiek aan ons publiek te verskaf. Ek wil geen musikant ooit benadeel nie. Daarom kry elke een ‘n kans op die verhoog om sy talente, wat hy van God ontvang het, vir ons te wys. NB: Indien enige persoon ongelukkig is, staan my deur oop. Kom bespreek dit asseblief met my.

Ja, ons publiek is net so belangrik as enige musikant kan dink om te wees. Baie dankie aan elke persoon wat ons funksies so gereeld bywoon. Sonder publiek kan ons glad nie ‘n funksie aanbied nie. Dankie vir ander takke se mense wat ons ondersteun. Ek wil ‘n beroep doen op ons Vaaldriehoek publiek. Kom ons ondersteun die ander takke om hul funksies ook suksesvol te laat geskied. Baie dankie vir die goeie gedrag en goeie gesindheid op ons funksies.

Baie dankie aan die skoolhoof wat vir ons die saal so gereeld beskikbaar stel. U het ‘n pragtige saal. Ek nooi weer alle ou lede en verdwaalde persone om weer gereeld by ons te kom partytjie hou. Ek wil graag ons tak sien groei in getalle. Wel, ek wil elke funksie lekker maak vir elke persoon.

Baie dankie dat ek nederig mag bly en altyd my Skepper mag bedank vir alles wat ek ontvang en wat ons geniet.

Boeremusiekgroete,

Willie Badenhorst

Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Tel. : (012) 379-1745 Fax 012-379-1745
Posbus 48865 Hercules 0030
Navrae : Mnr Sias Erasmus 083 948 2987
e-mail;dualcon@vodamail.co.za
Bezuidenhoutstraat 467, Claremont, 0082

KATALOGUS

Plate en kassette:

SLS 7 Lydenburg Vastrappers (Chris Chomse)	(P)
SLS 9 Oorspronklike Baanbrekers (J. Hooneberg)	(P)
SLS 10 Oorspronklike Vier Springbokke (Vol 1)(P.Prinsloo)	(K)
SLS 13 Oorspronklike Vier Springbokke (Vol 2)(P.Prinsloo)	(P & K)
SLS 14 Die Vyf Vastrappers & Buys se Kêrels (Vol 3)	(K)
SLS 18 Oorspronklike Vier Hugenote (Vol 1)(J. Palm)	(K)
BLS 007 So speel Stephaan	(P)
TBK 1 & 2 Oom Boet Steyn en sy seuns	(P)

CD's

Versamelgoed no 1 dubbel cd	R120-00
Versamelgoed no 2 (W Badenhorst)	R 80-00
Versamelgoed no 3 (Willie Nelson)	R 80-00
Outydse Potjiekos (Vol 1)	R 80-00
Outydse Potjiekos (Vol 2)	R 80-00
Outydse Potjiekos (Vol 3)	R 35-00
Outydse Potjiekos (Vol 4)	R 80-00
Oom Willie Palm & Oom Alf v.d. Watt	R 80-00
Dawid de Lange(Pakket)	R375-00
Gertjie Classen/Hendrik Lotter (Vol 1x2)	R 35-00 Elk
Tant Bettie Ferns	R 35-00
Oom Hannes Viljoen (Vol 2)	R 80-00
Oom Hannes Viljoen (Vol 3)Nuut	R 80-00
Vyf Dagbrekers (Silwer de Lange) (dubbel cd)	R120-00
Gerrie Bezuidenhout (Vol 1&2&3)	R 35 Elk 3(R100)
Eg en Eie 2008 Reeks Vol 1&2 (Dubbel)	R120-00
Eg en Eie 2008 Reeks Vol 3	R 60-00
Oudag se Potjiekos	R 80-00
Eerste 10 jaar	R 80-00

- Die kortste pad tussen twee mense is 'n glimlag! (onbekend) –

TBK 25ste Bestaansjaar as pakket (Vol 1&2) R120-00
TBK 30 jaar Bestaansjaar Dubbel cd 1x2 R120-00
Jan Mans Marico musiek R 35-00
Derde Gedenkalbum Piet Bester R100-00 + R30-00 pos.
Ontstaan en ontwikkeling van Boeremusiek R100 + R30
Sakwapen(baadjie): R55-00 Dasse: R85-00
Lapelwapen:R35-00, Sakwapen(hemp): R35-00
Pryse vir:1 x CD: R80-00 + R30-00 versekering & posgeld.
2 of 3 CD's: R80-00 elk + R30-00 versekering & posgeld

Bank besonderhede is as volg : **TBK** Absa Ben Swart str Rek no 090-281-062
Faks strokie met adres na 012-379-1745

Tradisionele Boeremusiekgroete
Sias Erasmus (ns TBK van SA)

Ons het die volgende skrywe oor Oom Anton Fourie vanaf Flip Snyman ontvang:
Anthonie Theunis Christoffel Fourie is gebore op die 29ste Julie 1937 in die distrik Vryburg. Sy ouers verhuis toe na Kimberley waar hy gedoop word tydens die simboliese ossewa trek van 1938. Gedurende 1944 verhuis sy ouers na Postmasburg waar hy begin skoolgaan het en in 1948 verhuis hulle na Mafikeng waar hy toe sy skoolopleiding voltooi het. Op die 8ste Januarie 1954 begin hy werk as 'n klerk by die destydse Suid Afrikaanse Spoorweë op Mafikeng, maar hy het nie van kantoorwerk gehou nie en 'n jaar later op die 1ste Januarie 1955 begin hy sy vakleerlingskap by die elektriese afdeling. Nadat hy sy vakleerlingskap in 1959 voltooi het word hy oorgeplaas na Klerksdorp, en 'n jaar later terug na Mafikeng en in 1965 na Christiana toe. Intussen is hy getroud met Annatjie de Jager en uit die huwelik is drie seuns gebore. In 1969 word hy oorgeplaas na Johannesburg waar hy werksaam was tot en met sy aftrede in 1993. Sy oorlede vader was 'n musikant en het onder andere die konsertina bespeel en as jong kinders moes oom Anton en sy broers die kitaar en banjo begeleiding doen wat hulle oorlede vader hulle geleer het. Toe oom Anton in standerd sewe was ontmoet hy die kitaarspeler Jannie van Tonder van weleer, en die het hom sommer dadelik een van sy orkeslede gemaak. Die orkes was toe bekend as die Môrelig Orkes. Hy het saam met die orkes vanaf 1952 tot 1959 in die destydse

Wes Transvaal musiek gemaak. Oom Anton het ook twee plate rondom 1958 saam met Jannie van Tonder gemaak. Op een plaat het hy kitaar saam gespeel en op die ander een het hy banjo gespeel. Die name van die plate kan hy nie meer onthou nie.
"Die Fourie broers" (foto op vorige bladsy) vlnr. Pat Meyer, Peet, Oom Anton, Robert en swaer Piet de Jager (nie op foto). Die orkes is een van die TBK se staatmaker orkeste en baie bekend aan die Rand en Vaaldriehoek en van hulle musiek is ook op cd beskikbaar.

KERSFEES EN NUWEJAARS BOODSKAP

Nog 'n jaar is besig om verby te snel. Waar die tyd heen vlieg sal geen mens weet nie, te veel dinge gebeur te vinnig. Teen die tyd dat u hierdie nuusbrief lees is die jaar al halfpad verby. Daar was verskeie pragtige cd's vrygestel die afgelope jaar. Kom woon asseblief ons30 ste verjaarsdag en algemene jaarvergadering by op die 1ste Oktober 2011 by die F. H. Odendaal Hoërskool in East Lynn, Pretoria. Bring jou instrument saam, sluit aan en word deel van die TBK.
Graag wil ek aan elke liefhebber van Tradisionele Boeremusiek 'n baie Geseënde Kersfees toewens. Mag Sy vrede en ware vreugde vir elkeen ekstra spesiaal wees, nou en in die nuwe jaar wat voorlê. God's rykste seën!
Seënwense
Flip Snyman

Stuur asseblief bydraes vir die volgende Nuusbrief aan Flip Snyman:
Sel.: (+27)82 624 5308
Tel.: 011 955 3615
Faks.: 086 273 2073
E-pos.: flipsny@mweb.co.za

Die volgende nuusbrief sal uit 'n ander oord kom ... baie dankie ... groetnis ... Peet van Staden.

Hiermee wens die Redaksie u almal 'n Geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 2012 toe!

- MÔRE SE VRAG, SAAM MET GISTER S'N, AS DIT VANDAG GEDRA WORD, LAAT SELFS DIE STERKSTE SWIG (HARVEY CUSHING) -